

Uilenkraalsmond Kampvereniging

Amethyst straat 15
Stellenrigh
Bellville
7530



Tel: 083 388 9521

Faks : 086 297 4898

E-Pos: Barnie.Germishuys@Transnet.net

Web Site: www.Uilenkraalsmondresort.co.za

REF: 56/07/2010

Datum: 12 Julie 2010

UILENKRAALSMOND NUUSBRIEF - JULIE 2010

Goeie dag almal aan wie Uilenkraalsmond behoort.

Ek wil graag 'n bietjie terugvoering gee oor wat aangaan m.b.t. Uilenkraalsmond en die baie verskillende aktiwiteite wat in proses is.

Hierdie nuusbrief is verlede jaar in Junie 2009 uitgestuur maar daar is vanjaar doelbewus gewag tot na 1 Julie 2010 sodat ons vars nuus kan deurgee. Ek sou graag nog so 'n bietjie langer wou wag want van die prosesse het ongelukkig nog nie heeltemal uitgespeel nie.

Die Bestuur van die Kampvereniging het verskeie vergaderings gehou en ook aan deelgeneem. Vroeg in die jaar was daar 'n beplanning sessie gewees waarin ons 'n plan van aksie uitgetrap het en toe mylpale daargestel waarvolgens ons dan sou optree. Dit was egter soos gewoonlik "beplanning". Die werklikheid bring ander vereistes.

Daar was 2 amptelike vergaderings met die Overberg Distriksraad oor Uilenkraalsmond, die Moratoriums en ook proses van Privatisering. Daar was ook vanaf April 2010 maandelikse skakeling tussen myself en die waarnemende Munisipale Bestuurder of Senior amptenare rondom sake van Uilenkraalsmond.

Dan was daar ook die kwessie van kleinmaat kragvoorsiening aan die mense van Uilenkraalsmond, wat onder bedreiging was. Ek gaan poog om al die bogenoemde dinge aan u te verduidelik op 'n kort en bondige wyse.

Uilenkraalsmond Kampvereniging se plan van aksie.

Soos die van U wat die Algemene Jaarvergadering bygewoon het bewus is, het die bestuur die vergadering nog 'n ses maande periode gevra om te poog om oplossings te kry d.m.v. onderhandelinge.

Soos verder goedgekeur is op die AJV sal indien die onderhandelinge misluk, die maandelikse diens gelde weerhou word ten einde die ODM te dwing om reg aan ons te laat geskied.

Die bestuur het in gevolge hierdie wettig goedgekeurde besluite onderhandelinge met die ODM gehad en daar is besluit om saam te werk en te poog om al die verskille te oorbrug ten einde weer 'n gemaklike werk verhouding te vestig.

Hierdie proses is tans nog in wording en a.g.v. ernstige woelinge by die ODM kon daar nog nie tot 'n finale vergelyk gekom word nie.

ODM Administrasie en ander politiekery

Om te verstaan hoekom onderhandelinge met die ODM nie tot 'n punt gedryf kan word nie moet die volgende in ag geneem word.

Voor April 2010 het die ODM Burgemeester vir Mnr GW Hermanus (die waarnemende Munisipale Bestuurder) geskors vir sekere redes. Toe Mnr Hermanus sy kantoor na 'n paar dae weer beset, het die vroue ODM amptenare hulle goed gevat en geloop. Daarna was daar 'n poging van die raad om Mnr Hermanus weer in sy pos te herstel maar dit is deur 'n hofbevel ter syde gestel.

Intussen is Mnr D Van Den Heever as waarnemende Munisipale Bestuurder aangestel, Die ANC het blykbaar sy Burgemeester opdrag gegee om haar pos te ontruim en so het die "horror movie" voort gegaan. Die ANC het die Bredarsdorp kantore op Vrydag 25 Junie 2010 beset en 'n grief skrifte oorhandig waarin hulle eis dat Mnr van den Heever sy pos ontruim.

Soos die saak op 1 Julie 2010 gestaan het, was daar nie 'n Raadsvergadering voor einde Junie nie. Mnr van den Heever was toe nog die waarnemende Munisipale Bestuurder. Daar is tans nie 'n goedgekeurde begroting vir die ODM nie.

Die Bestuur van die Kampvereniging wag nog om te sien wie die persone en gesag sal wees met wie daar verder onderhandel sal word.

Inligting uit Onderhandelinge en Vergaderings met die ODM

Moratoriums:

Daar kon tot dusver nêrens 'n ODM Raadsvergadering besluit opgespoor word dat daar enige moratoriums op die verkoop van strukture of op aanbouings te Uilenkraalsmond in plek geplaas sal word nie. Die besluit om die moratoriums in plek te plaas is dus deur Mnr G W Hermanus op sy eie geneem vir sy eie redes – die motivering daarvoor bly tans nog 'n duister saak vir my.

Die rede hoekom dit nie nou opgehef word nie – Die Bestuur van die Kampvereniging weet nie hoekom nie, en ons word ook nie vertel wat die opheffing daarvan terug hou nie. Dit bring baie ernstige frustrasie mee en die Owerhede moet besef - ongelukkig ook aggressie.

Privatisering:

Na die eerste vergadering met die ODM in April 2010 is Mnr James Slabbert deur hulle aangestel om die saak van Uilenkraalsmond se grond en die oordrag na die ODM toe te ondersoek – gegee besluite van die verlede.

Hierdie ondersoek het 'n paar verrassings opgelewer, daar is al so ver terug as 1969 dokumentasie oor die oordrag van plekke soos Uilenkraalsmond. Die dokumentasie waar daar besluite op rekord geplaas is het verder tot in 1975/76 geloop. Die ou Afdelingsraad moes toe sekere dinge doen, maar soos gewoonlik het dit agterweë gebly. Die opmeet van ons erwe was 'n uitvloeisel van die besluite van destyds.

Die een ding wat mense nou een maal in hulle kop moet kry is dat as iemand vir jou iets sê of belowe – kry dit op skrif – op 'n amptelike briefhoof en die handtekening van die

wettig aangestelde uitvoerende amptenaar. Die dae van dinge vertel en dan glo ons 'n mens se woord was al net na Judas se tyd verby.

Wat nou?

Mnr James Slabbert het 'n baie volledige verslag opgestel. Dit sal met 'n senior Advokaat bespreek word om te bepaal hoe besluite van die verlede in die oorgang grondwet hanteer word. Nou moet ons geduldig wees.

Heffings:

Die ODM het 'n konsep begroting gepubliseer en ons het dit op die Internet gekry. Ongelukkig is daar nie vooraf op 'n amptelike vergadering met die Kampvereniging se bestuur oor prioriteite besin nie. Die bestuur het wel prioriteite van die verlede wat nog nie aangespreek was nie aan Mnr Johan Botha (Oordbestuurder) verskaf.

Die Kampvereniging en individuele persone het betyds en volgens wetlike voorskrifte beswaar gemaak teen die konsep begroting. Ons wag nou dat daar met ons in gesprek getree word oor die saak. Tydens onderhandelinge het ons ook ons wettige besware teen begrotings van die verlede aan die ODM deurgegee. Ons het die reg om 'n dispuut te verklaar indien hulle nie redelike verduidelikings kan gee hoekom hulle nie ingevolge die wetgewing ons besware aangespreek het nie en nie ons besware gehandhaaf het nie.

Uilenkraalsmond Trust

Die Trust waarin diens gelde wat moontlik in die toekoms terug gehou gaan word, sou onderhandelinge op 'n dooie punt uitloop, is in proses van wording. Die moontlike privatisering en mense se vermoëns en vrese speel beslis 'n rol in die opstel van so 'n Trust.

Die trust moet die volgende aspekte aanspreek om vir dit wat ons tans weet te kan akkommodeer.

Dit moet enige gelde wat inbetaal word baie goed met absolute akkuraatheid administreer.

Sou privatisering plaasvind, sal die trust so opgestel moet wees dat dit die plote waar mense wat daar woon nie die pryse van die grond kan bekostig nie, kan aankoop en aan sulke persone onder spesifieke voorwaardes kan verhuur. Die oorhoofse doelwit is om te verseker vir sover dit verhaalbaar is dat almal wat tans daar is ook in die toekoms hulle plek in die son sal hê.

Die trust moet indien die groter Uilenkraalsmond nie onderverdeel kan word met 'n eie titel vir elke plot nie, die magte sal hê om die groter eiendom te bestuur en alles wat daarmee gepaard gaan.

Ek kan nog baie sinne skryf maar die kern van die saak is dat ons nou maar liever 'n bietjie langer wag en die regte dinge doen sodat ons oor die langer termyn aan almal reg sal laat geskied en 'n baie effektiewe proses sal bedryf wat wetlik bemaagtig is om die nodige dinge te doen – ook dissipline toe te pas waar nodig.

Die saak vir die opstel van die trust is nou by ons Prokureur - Mnr Johan Du Plessis. Hy sal met 'n senior Advokaat konsulteer om te verseker dat ons menslik gesproke die regte dinge doen met die trust, tot voordeel van almal.

Vir die wat haastig is om geld terug te hou – Mense wees asseblief geduldig. As alles verloop soos ek daarvoor bid sal ons nie nodig hê om ons geld terug te hou nie en ons sal 'n TRUST in plek hê (al kos dit ons 'n klomp geld) waar almal se belange beskerm is ook

vir die toekoms. Wat gaan ons verloor as ons nie dadelik ons geld weerhou nie – miskien 'n maand of drie se diens gelde. Wat kan ons wen – Ontslaglik baie, ons sin vir redelikheid gegee die omstandighede, ons demonstrasie van verantwoordelikheid en korrekte optrede en dan die belangrikste en dit is dat ons na die geveg ons kop sal kan hoog hou, ons het “class”.

Kleinmaat Elektriesiteits voorsiening

Na baie briewe onder ander ook van ons prokureur is daar met Overstrand Munisipaliteit ooreengekom dat die Kleinmaat krag nie nou termineer sal word nie. Daar sal gesprekke wees, is die toekoms oor die saak. Neem kennis ons is nog nie sonder potensiele probleme nie.

Daar is egter dinge wat onder my aandag gebring is en dit is my plig om dit aan elkeen deur te gee – EK HOOP ALMAL LUISTER.

Daar is mense wat krag steel. Mnr'e/Mev'e neem kennis daar is prosesse in plek en jy gaan gevang word. Ek sal persoonlik die ODM versoek om jou dadelik aan te kla vir diefstal en ek sal juig as die Landdros van jou 'n voorbeeld maak met 'n baie stywe vonnis. En vir die wat weet van iemand wat dit doen en dit nie rapporteer nie – JY is net so skuldig. Dit is mense soos julle wat dit vir almal van ons moeilik maak. Julle hoort nie in Uilenkraalsmond nie.

Daar word nou gelde gevra sou julle die Munisipaliteit uitroep vir probleme. Gesels asseblief met die ODM en vergewis julle self van die kostes van sekere dienste en uitroepe en baie belangrik ook hoe hulle dit verhaal. Die volgende keer kan julle dalk krag koop en dan is daar niks in julle meter a.g.v. 'n uitroep deur julle self of deur 'n huurder.

Ander Bestuur besluite waarvan kennis geneem moet word.

Die Kampvereniging is tans besig om 'n “Pos beskrywing en Mens spesifikasie” op te stel vir 'n moontlike pos van administratiewe beampte. Dit het nodig geraak. Gegee die kommunikasie vloei wat daar tans is en ook die feit dat daar nou omtrent heeltyds aandag gegee moet word aan spesifieke sake.

Daar sal weer voor die Algemene Jaarvergadering 'n volledige oudit wees van ons finansies deur 'n onafhanklike ouditeur.

Daar is ongelukkig baie van Uilenkraalsmond se struktuur eienaars wat nie gereageer het op ons oproep om die versoek vir 'n Mandaat te teken en aan ons te stuur nie. Baie wil ook nie ledegeld en regs-koste betaal nie. Ek het in 'n vorige nuusbrieff en tydens die AJV gesê – sou jy dit nie kon bekostig nie, vertel ons en dan sal jy al die dienste kry wat ons aan ander gee. Niemand het tot dusver kom aanmeld nie.

Die Bestuur het 'n skrywe van 'n familie ontvang wat twee plotte beset en wat dit baie duidelik aan ons stel dat hulle nie tevrede is met hoe die Bestuur van die Kampvereniging die sake hanteer nie en dat hulle ge-adverseer is om nie enige diens gelde te weerhou nie. Elke mens is geregtig op sy opinie en hulle is welkom om 'n mosie van wantroue in die Bestuur te kom instel tydens die volgende AJV.

Ek wil dit duidelik stel dat indien die Bestuur van die Kampvereniging versoek word om sy mandaat openbaar te maak, sal ons dit sonder huiwering doen. Dit waarvoor ons werk, is vir die mense wat vir ons as Bestuur vertrou en ondersteun. Die wat nie hulle deel wil

bydrae nie of nie as deel van ons geag wil word nie, moet dan maar hulle eie pad loop en ook hulle eie heil soek. Hierdie is nie 'n dreigement nie – Dit is 'n feit.

Die Bestuur van Uilenkraalsmond Kampvereniging doen die beste wat hy kan met die hulpmiddels en fondse tot sy beskikking. Ek en my Komitee se opregte dank aan elkeen wat ons vertrou – ek glo deur die genade van die Here sal ons hierdie vertrou nie teleur stel nie.

Groete

Hein Roux